



# JAARVERSLAG **2017**



# INHOUD

Boodskap van die Raadsvoorsitter .....	2
Boodskap van die Direkteur: Afdeling Sosiale Impak .....	3
Boodskap van die Hoof van MGD en Adjunkdirekteur:	
Afdeling Sosiale Impak .....	5
Matriekprogram .....	7
Eenstopdiens Studentevrywilligersprogram.....	8
Primêre Gesondheidsorg-program .....	15
Finansiële oorsig .....	20
Skenkers .....	21

# BOODSKAP VAN DIE RAADSVOORSITTER

Dit is bemoedigend om verslag te kan doen dat die belangrikste prestasies van Matie Gemeenskapsdiens (MGD) in die afgelope jaar hulbydrae wist tot die verbetering van die lewensgehalte van mense en gemeenskappe in die omgewings waarin die Universiteitskampusse geleë is.

Een van die besondere prestasies van MGD hierdie jaar was die bied van ondersteuning en opleiding asook 'n produktiewe leeromgewing aan studenteleiers en vrywilligers op die Universiteitskampusse. Dit het direk bygedra tot die hoë gehalte van die inisiatiewe vir sosiale impak wat deur die studente in klusters asook studente van studente-organisasies aangebied is. Die verbetering van die lewensgehalte van volwasse leerders deur volwasse onderwys, opleiding en vaardighedsontwikkelingsprogramme is nog 'n aanmerklike prestasie. MGD het voorts uitstekende vordering gemaak met hervorming van hul rol en funksie en inlynstelling met sosiale impak as 'n strategiese prioriteit van die Universiteit.

Ter opsomming: MGD kan na 'n bevredigende en suksesvolle jaar terugkyk, waartydens personeel en studente hul deskundigheid, vaardighede en ervaring op 'n kreatiewe en verantwoordelike manier gebruik het om hoëgehalte-, gepaste inisiatiewe vir sosiale impak te ontwerp, te bereik en te handhaaf.

Aan die einde van die my tweede ampstermy gaan my oopregte dank aan my mede-raadslede; die senior direkteur, direkteur en adjunkdirekteur van die Afdeling Sosiale Impak; die hoof en personeel van MGD; en studente vir hul ondersteuning en toewyding om te verseker dat MGD dieselfde dinamiese organisasie bly wat dit oor die afgelope jare geword het.

Dit was 'n voorreg om deel te wees van hierdie uitsonderlike, buitengewoon suksesvolle organisasie. Na my mening kan MGD met geregtigde selfvertroue uitsien na 'n uitstekende toekoms. My beste wense aan die hoof, personeel en bestuursraad van MGD.

**Prof Sulina Green**



# BOODSKAP VAN DIE DIREKTEUR: AFDELING SOSIALE IMPAK

MGD vervul 'n tweeledige rol as 'n geregistreerde organisasie sonder winsbejag (OSW) en 'n middel vir versterking van die Universiteit Stellenbosch (US) se voetspoor in die gemeenskappe om die Stellenbosch- en Tygerberg-kampus. As deel van die Afdeling Sosiale Impak is MGD inlyn met die US se Institusionele Strategie en Voorneme en die Sosiale Impak Strategiese Plan. Dit bied aan die organisasie die voordeel om die OSW-missie in sy geografiese diensgebied te dien asook om aan studente en personeel geleenthede te bied om 'n impak te maak op die samelewing se dringendste uitdagings en dit deur innoverende inisiatiewe en programme aan te pak, soos in hierdie jaarverslag geprofileer.

MGD se etos is om niemand agterweë te laat wat op hul lewensreis swaarkry nie, en dit word gedoen deur ondersteuning aan sowel jongmense as volwassenes met onderwysgeleenthede, hulp aan jong kinders en moeders, versorging van bejaardes en hulp aan ander OSW's in die omgewings waarin hulle werksaam is.

Nog 'n groeiende deel van die diens van hierdie organisasie is die bemagtiging van mense om hulself te help deur opleidingskursusse. Kursusse word aan studente, personeel en gemeenskapsleiers aangebied om hulle in staat te stel en te bemagtig om hul talente en leierskap te identifiseer om gemeenskappe te help om eienaarskap van hul eie groei en ontwikkeling te neem. Studente kan krediete vir hul werk vir sosiale impak verdien, wat as 'n aansporing dien vir sowel toekomstige werk as die ontwikkeling van graduandi-eienskappe om kritiese denkleiers te word wat deernis het met mense wat minder bevoordeel is.

Dit beklemtoon die belang van wederkerige betrokkenheid en voordeel tydens skakeling met gemeenskappe wat vrywilligers in hul domein toelaat. Hierdeur skep hulle geleenthede vir personeel en studentevrywilligers om te leer en te groei, terwyl die aktiwiteite van

gemeenskapslede en organisasieverteenwoordigers versterk word deur die kennis en vaardighede wat vrywilligers tot hierdie verhouding bydra.

Hierdie jaarverslag is die laaste een wat ek aan hierdie organisasie voorlê as ex officio-lid van die Bestuursraad en adviseur aan die USKOR Trust deur my lynfunksie. Ek het in 1997 by MGD aangesluit toe ek genader is om die kantoor by die Militêre Akademie in die Weskus op die been te bring, waar ek gedien het tot met my aanstelling as die eerste bekleer van die nuut gestigte Gemeenskapsdienspos van die US in 2000. Sedert 2015 is ek nou betrokke by die bestuur en beheerstrukture van die organisasie as die direkteur van die Afdeling Sosiale Impak. My reis met MGD was een van leer en groei saam met die talle mense wat vir meer as 'n halfeeu 'n impak op hierdie organisasie gehad het. My wens vir die huidige hoof, die raad en die USKOR Trust is seën, vooruitgang en voorspoed op die pad vorentoe en dat MGD van krag tot krag sal gaan om die gemeenskappe, personeel en studente wat van hulle afhanglik is, te dien en deur hulle gedien te word.

***Dr Antoinette Smith-Tolken***



# BOODSKAP VAN DIE HOOF VAN MGD EN ADJUNKDIREKTEUR: AFDELING SOSIALE IMPAK

Ons poog om met ons werk studente te inspireer om bewuste akteurs in die wêreld te word. Dit gaan oor die begin van 'n nuwe denkbeweging, die aansporing van nuwe maniere om te reageer op waar ons as 'n land en 'n vasteland is en om ons voorstelling van wat Suid-Afrika kan wees van nuuts af aan te vuur.

Dit is belangrik om 'n duidelike begrip te hê van die kritieke kwessies waarvoor Suid-Afrika tans te staan kom en die gesprekke waaraan jongmense by die Universiteit en op sosiale media deelneem en om te kyk na hoe MGD geposisioneer moet wees om bewuste gesprekke oor hierdie kwessies aan te moedig.

MGD glo dat ten einde 'n etos te ontwikkel waarin gewone mense die nodige begrip, benaderings en vaardighede ontwikkel om transformasie van die verskeie samelewingsektore te weeg te bring, hulle self die leer moet onderneem en hulself moet opvoed. Hulle moet weet hoe onderdrukking in die geskiedenis van die land gefunksioneer het, hoe gewone mense deelgeneem het en steeds deelneem aan die handhawing van onderdrukkende strukture, hoe individue 'n bydrae kan maak tot groter sosiale geregtigheid in hul invloedsfeer.

Fanon moedig ons aan om verder as blote begrip van die wêreld te gaan en 'n impak op die wêreld te hê en dit te verander. Ons kan nie net bloot glo dat as ons kwessies oor waardes en respek vir menslikheid uitlig die wêreld deur ons blote bevraagtekening sal verander nie. Hy doen duidelik en doelbewus 'n beroep op ons om op te tree, om 'n ander realiteit en 'n ander wêreld te skep.

Die ergste realiteite van ons era is vervaardigde realiteite. Dit is dus ons taak as kreatiewe deelnemers aan hierdie heelal om ons van nuuts af 'n wêreld te verbeeld. Om verbeelding te hê, beteken dat alles van nuuts af verbeeld kan word. Elke realiteit kan alternatiewe moontlikhede

inhou. Ben Okri sê in sy boek *A way of being free* dat mense met die noodsaak van transformasie geseen is.

Oor die afgelope jaar was MGD op 'n reis om hulself in sowel die OSW-omgewing as hoër onderwys as 'n universiteitsgevestigde OSW te herverbeel en te herposisioneer. As die hoof van MGD is ek opgewonde oor die moontlikhede om relevant te wees tot die kritieke kwessies en uitdagings waarvoor Suid-Afrikaanse samelewings en gemeenskappe te staan kom.

## Ons het deur die volgende vier prioriteite begin om hierdie reis aan te pak:

**Prioriteit 1:** Hervoorstelling van MGD as 'n universiteitsgevestigde OSW in die breër Stellenbosch-gemeenskap en verder

**Prioriteit 2:** Versterking van die sigbaarheid van inisiatiewe vir sosiale impak om gesamentlike leer en samewerking te verhoog

**Prioriteit 3:** Bemiddeling van samewerkingsverhoudings tussen interne en eksterne belanghebbendes

**Prioriteit 4:** Die skep van doelbewuste ruimtes vir kritieke betrokkenheid en sosiale innovasie ten opsigte van samelewingsuitdagings en-geleenthede.



MGD verskaf ruimtes waar US-studente se bydraes formele erkenning kry in 'n wederkerige verhouding met die gemeenskappe wat ons dien terwyl ons gestand doen aan ons visie om die *US se voetspoor in omliggende gemeenskappe te verhoog*.

*Me Reneé Hector-Kannemeyer*

# MATRIEKPROGRAM

Die Matriekprogram is in 2011 deur MGD op die been gebring. Die doel van die program is om volwassenes in staat te stel om hul akademiese kwalifikasies te verbeter en hulself te bemagtig met beter werkgeleenthede tot voordeel van die onderskeie gemeenskappe waarin hulle woon en wat hulle dien.

Die Gewysigde Senior Sertifikaat-kursus ressorteer onder die Stellenbosch Gemeenskapsleersentrum, maar is ook 'n projek van MGD, wat befondsing verskaf aan leerders wat finansiële hulp benodig.

Die aantal inskrywings vir hierdie spesifieke kursus het sedert 2011 jaarliks drasties toegeneem. Die aantal vakke wat onderrig word, het ook van sewe tot nege toegeneem. Die onderrigtaal is sowel Afrikaans as Engels. Voornemende leerders skryf in Augustus in, klasse begin in September, registrasie vir die eksamens vind in November plaas en die eksamens vind in Mei die daaropvolgende jaar plaas. Hierdie jaar het 203 leerders vir klasse ingeskryf, waarvan 174 vir eksamens geregistreer het.

In die lig van bestaande statistieke is dit duidelik dat hierdie program in aanvraag is en dat dit die behoefté en doel vervul wat aanvanklik daarvoor in die visier gestel is.



# EENSTOPDIENS STUDENTEVRY-WILLIGERSPROGRAM

Die Eenstopdiens Studentevrywilligersprogram is 'n hub vir alle studentegedreve inisiatiewe vir sosiale impak. Dit bied steun aan studentevrywilligersinisiatiewe om te verseker dat dit volhoubaar is en voldoen aan bestepraktyk-beginsels. Die program bied formele opleiding aan leiers in inisiatiewe vir sosiale impak om hulle in staat te stel om uitstekende ondersteuning in gemeenskappe te bied, asook opleiding in studenteleierskapsontwikkeling. Hierdie formele opleiding verseker nie net die gehalte van intervensies nie, maar bied ook 'n produktiewe leeromgewing vir studenteleiers en -vrywilligers.

Universiteitstudentegroepe word aangemoedig en ondersteun om by bestaande gemeenskapsprojekte aan te sluit om die kapasiteit en impak van die intervensies te verhoog. Die dienste poog om volhoubaar te wees, en fokus op die bereiking van langtermynresultate in die begunstigdes se lewens.



## AREAS

Cloetesville | Franschhoek | Houtbaai | Idasvallei | Kalkfontein | Kayamandi | Klapmuts  
Kraaifontein | Kylemore | Lynedoch | Milnerton | Parow | Ravensmead | Stellenbosch  
Tygerberg | Vlottenburg



## OPLEIDINGSPROGRAMME

MGD se opleidingsprogram bied 'n kapasiteitbouende opleidingsgeleentheid om gemeenskapslede, studenteleiers en vrywilligers met 'n sterk gevoel van sosiale verantwoordelikheid, geregtigheid en volhoubare impak toe te rus.



### Opleiding van E'Bosch gemeenskap

Vyftien lede van gemeenskappe om Stellenbosch het van Mei tot Augustus 2017 opleiding ontvang. Deelnemers het hul werk oor die temas van gemeenskapsontwikkeling, projekbestuur en leierskap aan 'n paneel voorgelê.



### Opleiding van studentevrywilligers

Nege en dertig studentevrywilligers het op 16 September 2017 die kortkursus vir vrywilligers voltooi wat gehandel het oor begrip van ontwikkeling, die impak van vrywilligerswerk, verkenning van leierskap en innoverende projekbeplanning.



### Opleiding van studenteleiers in sosiale impak

Hierdie opleiding berei studenteleiers voor op die beplanning, indiening en implementering van inisiatiefvoorleggings en vir hul rol as studenteleiers op die gebied van sosiale impak. MGD het in Augustus 2017 altesaam 30 studente oor drie weke opgelei. Die opleiding het gefokus op bekendstelling aan gemeenskapsbeginsels, die skryf van 'n programvoorlegging en begroting en verbonde burgerskap en etiese leierskap.



## Inleidende ingenieurswese-lesing

MGD het 'n inleidende lesing in die eerste en tweede semester aan 200 studente in die Fakulteit Ingenieurswese aangebied. Studente is bekendgestel aan die konsep van 'gemeenskap' en het 'n uiteensetting gekry van gemeenskapsbeginsels en reëls vir betrokkenheid. Hulle moes 'n inisiatief as werkstuk aan die einde van albei semesters voorlê.




## Opleiding vir Maatskaplike Werk-studente

MGD staan die Departement Maatskaplike Werk by met plasings van hul eerstejaarstudente by agentskappe in en om Stellenbosch. 'n Honderd studente is by Pebbles geplaas. MGD is ook deel van die oriënteringsproses van hierdie studente aan die begin van hul ervaring.



# VRYWILLIGERSPROGRAM

Studentevrywilligers spits hulle daarop toe om 'n impak op die lewens van jongmense te maak. Die aktiwiteite waarby hulle betrokke is, skep vir hulle 'n leergeleentheid om graduandi-eienskappe te ontwikkel wat hulle vir hul loopbane en die samelewing in die algemeen sal toerus. Die wederkerige aard van die vrywilligerswerk is tot voordeel van sowel studente as gemeenskappe. Die MGD-handelsmerk met betrekking tot verhoudings met gemeenskappe dra reeds vir etlike jare by tot die sukses van die program in verskillende gemeenskappe.



## GEMEENSKAPSOGGEND

Hierdie is 'n jaarlikse tradisie waartydens nuwe studente aan 'n afgeronde studentelewe blootgestel word. Dit begin tydens die verwelkomingsweek van die Universiteit Stellenbosch. Studentekoshuise spandeer 'n oggend buite die kampus om verskeie inisiatiewe in plaaslike gemeenskappe te ondersteun. Hierdie aktiwiteite vorm deel van voortgesette betrokkenheid saam met gemeenskapsvennote. Aktiwiteite sluit in die vorming van 'n mentor- en tutorverhouding met kinders van die werkers van die koshuise wat deel van die Wimbledon-kluster is, die verf van klaskamers en geboue by St Idas Laerskool en by die Legacy-gemeenskapsprojek in Kayamandi, die maak van toebroodjies vir verskillende gemeenskapsprojekte en skole, die insameling en skenking van skryfbehoeftes aan verskillende kleuterskole, die optel van rommel langs die Eersterivier en hulp by die Wonder Plant-spekboomkwekery by Kayamandi Hoërskool.

Nog 'n hoogtepunt van die dag was die samewerking tussen UNASA (United Nations Association of South Africa) se studente-organisasie met MGD en KANSA om 'n "shavathon" ter verwelkoming te organiseer. Tydens die "shavathon", wat voor die Simonsberg-manskoshuis gehou is, het Maties KANSA ondersteun deur hul hare te laat afskeer of in helder kleure te laat kleur in ruil vir 'n klein donasie.



## MANDELA-DAG, 18 JULIE 2017

Ter viering van Mandela-dag het die Universiteit Stellenbosch se afdeling van die Golden Key International Honour Society die jaarlikse Toasties for Tummies-veldtog in vennootskap met MGD aangebied. Toasties for Tummies is op 18 Julie 2017 by twee verskillende plekke gehou, naamlik by die Neelsie op die Stellenbosch-kampus en in die Tygerberg-studentesentrum op die Tygerberg-kampus. Moore Stephens Chartered Accountants – een van die borge van die Toasties for Tummies-projek – het dieselfde inisiatief by hul kantoor aangepak.

Die Stellenbosch-kampus,  
Tygerberg-kampus en  
Moore Stephens Chartered  
Accountants het  
**8 500, 1 500 and 1 000**  
**TOEBROODJIES**  
gemaak



Dankie aan die  
**350 VRYWILLIGERS**  
wat aan hierdie inisiatief deelgeneem het



*“Dit was wonderlik om te help om die lewens van mense wat min of amper niks het nie, te verbeter. Die projek het my nie net gehelp om ander te help nie, maar ook waardes in my ingeskorp. Die projek het my deurgaans herinner om my voorsprong te waardeer.” – Thembalethu Seyisi (student)*

Studente-inisiatiewe vir sosiale impak val in sewe temas:

# ONDERWYS VIR ALMAL

Koshuis/PSO/Vereniging	Gemeenskapsvennoot
Dempers Meyer-mentorprogram	Luckhoff Hoërskool
Nerina, Metanoia, Heemstede, Pieke PSO, Venustia PSO	Hanna Charity and Empowerment Foundation
Nerina, Majuba	Hanna Charity and Empowerment Foundation,
Huis Marais	Jeuguitreiksentrum
Lydia, Eendrag	Rietenbosch Laerskool
Dagbreek, Erica	Die Ark Christelike Skool
Pieke PSO, Nemesia	Franco
Silene, Oude Molen, Monica, Wilgenhof, Harmonie	Kayamandi Laerskool
Goldfields, Lydia	NJRD-kunsgebou
Goldfields	Legacy-sentrum
UNASA (Kayamandi Legacy)	Kayamandi Legacy-sentrum
UNASA (Swimming)	Kayamandi Laerskool
UNASA (Kayamandi Reading)	Kayamandi Legacy-sentrum
Monica	Kayamandi Hoërskool
Huis Visser	Kayamandi Hoërskool
Lydia, Simonsberg	St Vincent's Laerskool
Simonsberg, Minerva, Huis Visser	St Vincent's Laerskool
BMF	Hector Peterson Hoërskool
Pieke PSO	Volhoubaarheidsinstituut
Huis Kerkenberg	Isidima
Huis Kerkenberg (Paarl)	ElsCare
Hippokrates	Northway Laerskool
Tygerberg Outreach Society	Webner Street Laerskool
Aristea PSO, Vesta PSO	ACVV (nasorg)
Olympus PSO	AF Louw Laerskool
UNASA (Vlottenburg)	Vlottenburg

# WERKVERSKAFFING EN INKLUSIEWE EKONOMIESE ONTWIKKELING

Koshuis/PSO/Vereniging	Gemeenskapsvennoot
Huis Ten Bosch	Sisterhood Box Project
Huis Visser	Huis Visser-manskoshuis

# OMGEWING EN VOLHOUBAARHEID

Koshuis/PSO/Vereniging	Gemeenskapsvennoot
Libertas	Stellenbosch Diersorgsentrum
Huis Francie van Zijl	Kalkfontein Laerskool
Metanoia	Khayamandi Legacy-sentrum
UNASA (Sustainability)	Wildlands

# VOEDSELSEKERHEID EN GESONDHEID

Koshuis/PSO/Vereniging	Gemeenskapsvennoot
MSA	Dorothea Spesiale Skool
Hippokrates	Kliniek by Imazamayetu
Meerhof	MGD primêre gesondheidsorgklinieke
Metanoia, Venustia	Verskeie organisasies
Aristea PSO, Sonop, Vesta PSO, Irene, Helshoogte	Klapmuts Laerskool
Meerhoff	Huise met kinders as hoofde (via maatskaplike werkers, borge en onderwysers)
Metanoia, Venustia PSO	Verskeie organisasies

# HULPBRONNE EN INFRASTRUKTUUR

Koshuis/PSO/Vereniging	Gemeenskapsvennoot
Aurora PSO	Verskeie organisasies

# SOSIALE EN GESLAGSGEREGTIGHEID

Koshuis/PSO/Vereniging	Gemeenskapsvennoot
Helshoogte, Sonop, Eendrag, Aristea PSO, Vesta PSO, cluster convener	Koshuispersoneellede
Dagbreek, Minerva, Lydia, Majuba, Huis Ten Bosch, Aurora	Dagbreek-manskoshuis
Osler (Made with Love)	Tygerberg Kinderhospitaal

## PRIMÊRE GESONDHEIDSORG-PROGRAM

Die Primêre Gesondheidsorg-program beliggaam samewerking en kommunikasie as kernwaardes wat ons werk onderstut. Gesondheidsuitkomste, leeruitkomste en inkomste verbonde aan sosiale impak is almal wedersyds afhanglik. Sonder sterk gemeenskapspogings om te verseker dat inwoners na hul gesondheidsbehoeftes omsien deur MGD-klinieke te besoek, sou ons nie in staat gewees het om aan studente ervaringsleergeleenthede te bied of primêre gesondheidsorg aan behoeftiges te bied nie. Hierdie ekostelsel van gesondheid is 'n belangrike konsep vir ons terwyl ons voortgaan om ons program en die impakte daarvan uit te brei.

Ons fokus is voorkoming en bevordering van gesondheid, eerder as genesing en rehabilitering. Gesondheidsbevorderingssessies by hierdie klinieke vorm dus 'n integrale deel van die program. Een van ons vernaamste doelstellings is om gesondheidsorg na ons mense te neem wat beperkte toegang tot gesondheidsorg het en om geleenthede vir hulle te bied om betrokke te raak by en verantwoordelikheid te neem vir hul eie gesondheid.



## GEMEENSKAP (KALKFONTEIN)



**774** KLIËNTE ONTVANG  
MEDIËSE BEHANDELING



**217** MENSE WOON GESONDHEIDSBEVORDERINGS-  
DAE BY EN CV WERKSWINKELS



**245** STUDENTE VRYWILLIGERS

Die program bied volledige, gratis nauurse primêre gesondheidsorgfasiliteite wat deur studente bestuur word aan die Kalkfontein-gemeenskap in die Wes-Kaap op een aand per maand, van 18:00 tot 23:00. Die studente sien 60 tot 80 mense op 'n aand. Die meeste gevalle wat aandag kry, is vir diarree, griep, pulmonêre hartsiektes, seksueel oordraagbare infeksies, TB en MIV. Die diens word deur sewe alumni ondersteun, wat bestaan uit dokters, fisioterapeute en arbeidsterapeute, en tot 30 studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

Pasiënte word deur MB,ChB-studente van die Universiteit Stellenbosch gesif en geassesseer en gevalle word met gekwalifieerde gesondheidsorgpersoneel (dokters en verpleërs) bespreek, wat ook voorskrifte vir pasiënte uitrek indien nodig. Dit skep 'n platform vir mentorskap en ondersteuning in die professionele ontwikkeling van studente.

Die hoofuitkomste van die opleidingsprogram sluit die volgende in:


Studente moet:

- basiese sifting kan doen, bv. toets van bloeddruk, bloedsuiker en urine;
- die tekens en simptome van basiese toestande op primêre sorgvlak ken;
- dringende verwysings kan herken en sodanige gevallen dadelik aanmeld;
- tussen akute en chroniese gevallen kan onderskei;
- pasiënte se basiese geskiedenis kan opteken;
- met die kliënte/pasiënte kan skakel op 'n manier waarop hulle kan verstaan; en
- die waardigheid van kliënte/pasiënte op alle lewensterreine verstaan en respekteer.

Deur die program skakel MGD met gemeenskappe oor belangrike openbare gesondheidskwessies soos TB, MIV/vigs, dwelmmisbruik, tienerswangerskap en kindersterftes. Buiten gesprekke om gesondheidsopvoeding in die hand te werk, bied die program se klinieke ook advies en bystand op 'n interpersoonlike vlak deur individue te identifiseer wat persoonlike berading benodig. Die program is ook op só 'n manier gestructureer dat dit professionele personele uit die aanvullende gesondheidswetenskappe, soos fisioterapie, arbeidsterapie en dieetkunde, asook voorgraadse studente betrek. As gevolg hiervan word 'n holistiese gesondheidsorgbenadering in hierdie program ten toon gestel.

Die sukses van elke kliniek hang af van samewerking met en kommunikasie tussen 'n groot verskeidenheid belanghebbendes, insluitende gemeenskapsvrywilligers, studente, professionele mediese en gesondheidspersoneel, senior universiteitspersoneel, MGD-raadslede, die Departement van Gesondheid en inwoners van die gemeenskappe waarin ons werk.





## GEMEENSKAPSOGGEND

Hierdie jaarlike geleentheid het op 26 Januarie 2017 plaasgevind. Die doel van hierdie Universiteitsinisiatief is om veral onder ons eerstejaarstudente bewusheid te kweek van die belang van gemeenskapsbetrokkenheid. Aktiwiteite op die dag het die volgende ingesluit:

- Die brug oorkant die Tygerberg-kampus is in samewerking met die Stad Kaapstad opgeruim. Die brug het 'n 'hawe' vir daklose mense geword en is onveilig vir studente asook besoekers aan en personeel van Tygerberg Hospitaal.
- Meer as 100 sakke rommel is opgetel, ook in samewerking met die Stad Kaapstad, en die studente het gras gesny en die rivier skoongemaak.
- Die kanaal langs die kampus is skoongemaak.
- Verskillende koshuise het hul onderskeie projekte besoek, soos die Leadership for Legends-projek by Kalkfontein Laerskool.

## MANDELA-DAG

Die viering van Mandela-dag op 18 Julie 2017 is 'n jaarlike geleentheid waarby personeel en studente betrokke is.

Op die Tygerberg-kampus is 1 500 toebroodjies gemaak en aan buitepasiënte van Tygerberg Hospitaal uitgedeel. Skenkings is van Golden Key, Fedics Tygerberg en die Departement Menslike Hulpbronne by Tygerberg ontvang. Die Hippo-dames en die US se mans-a capella-groep het vir die pasiënte gesing terwyl die toebroodjies uitgedeel is. Dit is goed deur sowel pasiënte as personeel ontvang.

Personeellede het serpe ingesamel en gebrei, wat aan pasiënte by die hospitaal uitgedeel is. Hulle het ook troospakkies vir pasiënte in die kraamsaal uitgedeel.



# PRIMÊRE GESONDHEIDSORG-INISIATIEWE


- Maandelikse besoek aan Sarepta-ouetehuis
- CV-werkswinkels by die Kalkfontein-kliniek
- Voorlees en speletjies speel met kinders wat hul ma's na die kliniek vergesel
- Individuale sessies met tieners en jong volwassenes oor voorbehoeding, seksuele gedrag en risiko's verbonde aan veelvuldige bedmaats
- Gesondheidsbevorderingsdae

**"Ek het in 2013, as tweedejaar- mediese student by die Universiteit Stellenbosch, besluit om as 'n vrywilliger by die MGD Primêre Gesondheidsorg-program te werk. Hierdie besluit was waarskynlik een van die beste wat ek in my vyf jaar as mediese student gemaak het. Dit het my nie net akademies verryk nie, maar my ook emosioneel en sielkundig sterker gemaak as 'n dokter wat opgelei word. Ek het soveel praktiese ervaring opgedoen en soveel van pasiëntsorg geleer, wat niemand my ooit in ons kurrikulum sou leer nie."** – Liza van Zyl (student)




# FINANSIËLE OORSIG

PROGRAM UITGAWES 2017



INKOMSTE 2017





Golden Key  
EJ Lombardi Trust  
Universiteit Stellenbosch  
Connect  
Het Jan Marais Nationale Fonds  
USKOR Trust

# KONTAK ONS

## STELLENBOSCH

MGD Stellenbosch

Privaatsak X1 | Matieland 7602

Kamer 2008 | Lückhoff Skool Gebou

Banhoekweg | Stellenbosch

Tel: 021 808 3638

## TYGERBERG

MGD Tygerberg

Posbus 241 | Kaapstad 8001

Kamer 2012 | Studentesentrum

Tygerberg-kampus

Tel: 021 938 9310



<https://www.sun.ac.za/si/af-za/Pages/MGD.aspx>

[www.facebook.com/MGDStellenbosch](http://www.facebook.com/MGDStellenbosch)

Twitter: @MGD\_US

NRO Registrasienommer: 003249



# JAARVERSLAG2017



**100**  
1918 - 2018